# MOTOR GESPESIFISEERDE VOERTUIE AFDELING

Hierdie bewoording moet saamgelees word met die Motor Algemene bewoording. Die omskrywings, verpligte voorwaardes, spesifieke uitsluitings en klousules van die Motor Algemene bewoording is ook van toepassing op hierdie afdeling, tensy spesifiek anders aangedui.

## OMSKRYWINGS

**Versekerde Voertuig:** sal beteken enige Voertuig

1. die eiendom van die Versekerde, of
2. wat deur die Versekerde gehuur of gebruikhuur word, of
3. wat deur die Versekerde gebruik word as 'n plaasvervanger vir enige Voertuig in 1 of 2 hierbo wat in onbruik is vir die doeleindes van versiening, instandhouding en/of herstelwerk met dien verstande dat die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid hoogstens die Kleinhandelwaarde van die vervangingsvoertuig of die versekerde bedrag van die Voertuig soos in die bylae vermeld, wat ook al die laagste is, beloop.

**Taxi:** sal beteken enige tipe Voertuig wat te huur is met 'n bestuurder en wat gebruik word deur 'n enkele of klein groep passassiers om hulle te vervoer tussen bestemmings van hulle keuse.

**Band:** sal beteken die deel van 'n Voertuig wat gewoonlik van soliede of opblaasbare rubber, metaal of hout gemaak en in kontak met die grond is en die gewig van die Voertuig dra. Vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken dit ook rusperbande van gespesialiseerde toerusting.

**Afskrywing:** sal beteken dat skade aan 'n Voertuig, in die opinie van die Maatskappy nie ekonomies herstelbaar is nie.

### Kleinhandelwaarde

1. Vir Voertuie gelys in die motorhandelaarsgidse, sal Kleinhandelwaarde beteken die gepubliseerde Kleinhandelwaarde aangepas volgens die aanbevelings van die gids vir afstandmeterlesing, algemene toestand, toebehore en onderdele wat aan die Voertuig geheg is ten tye van die verlies of skade.

2. Vir Voertuie, Voertuigtipes en toebehore wat nie in die motorhandelaarsgidse gelys is nie sal Kleinhandelwaarde gebaseer wees op 'n minimum van drie kwotasies wat verkry is van die kleinhandelmark vir 'n soortgelyke Voertuig van dieselfde fabrikaat en model in 'n soortgelyke toestand ten tye van die verlies of skade.

## ONDERAFDELING 1 – SKADE AAN DIE VERSEKERDE VOERTUIG

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan enige Versekerde Voertuig soos in die bylae beskryf.

Met dien verstande dat:

(a) die Voertuig se versekerde bedrag word in die bylae vermeld en die maksimum bedrag wat deur die Maatskappy betaalbaar is, is die minste van die versekerde bedrag of die Kleinhandelwaarde van die Voertuig ten tye van die verlies of skade;

(b) ingeval enige onderdeel van enige Voertuig onverkrygbaar is as 'n standaard (pasklaar vervaardigde) artikel in die Republiek van Suid-Afrika, die Maatskappy se aanspreeklikheid geag nagekom te wees deur 'n bedrag te betaal gelykstaande aan die waarde van die onderdeel (met inbegrip van die redelike koste van vervoer)

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

ten tye van die ongeluk, maar in iedere geval tot hoogstens die deel se prys soos aangegee in die vervaardiger se jongste uitgereikte katalogus of pryslys;

(c) die Maatskappy na sy eie keuse die Voertuig of enige deel daarvan en/of die toebehore en onderdele daarvan mag herstel of vervang of die bedrag van die verlies of skade in kontant betaal tot hoogstens die Kleinhandelwaarde van die Voertuig en/of die toebehore en/of onderdele ten tyde van die verlies of skade, onderhewig aan die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid uiteengesit in voorbehoudsbepaling (a);

(d) indien die Voertuig na die wete van die Maatskappy die onderwerp van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is en die Versekerde Voertuig afgeskryf of gesteel / gekaap word en nie teruggevind word nie, sal die betaling gedoen word aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die Maatskappy ten opsigte van die verlies of skade;

(e) ingeval van skade wat beperk is tot die voorruit-, sy- of agterruitglas alleenlik wat deel uitmaak van enige Versekerde Voertuig, die Versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar van toepassing op motorglas wat in die bylae vermeld word vir iedere en elke Voorval.

# TOEBEHORE

Toebehore en onderdele soos omskryf in die Voertuigomskywing in die Motor Algemene bewoordingen volgens die opsie van die Versekerde mag beskryf word in die bylae.

Met dien verstande dat:

1. waar die toebehore en onderdele permanent deel van die Voertuig is, volgens die keuse van die Versekerde, mag hierdie items in die bylae gelys word as Toebehore ingesluit in die versekerde bedrag van die Voertuig en dat hulle waarde geag word ingesluit te wees in die versekerde bedrag van die Voertuig en dat die versekerde bedrag voldoende is;
2. waar toebehore en onderdele nie permanent deel uitmaak van die Voertuig nie, soos in die geval van 'n kappie of sleepstang, volgens die keuse van die Versekerde, mag dit gelys word in die bylae as Toebehore nie ingesluit in die versekerde bedrag van die Voertuig nie en hulle waarde word apart vermeld en bykomend tot die versekerde bedrag van die Voertuig.

## Toebehore nie ingesluit in die Voertuig se versekerde bedrag

Nieteenstaande enige iets teenstrydig vervat in voorbehoudsbepaling (a) van Omskrewe Gebeurtenisse van onderafdeling 1 en die omskrywing van "Voertuig" en onderhewig aan die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie afdeling, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir verlies van of skade aan die toebehoorsel gelys in die bylae soos volg:

1. Waar die toebehoorsel gesteel of beskadig word terwyl dit losstaande is van die Versekerde Voertuig of gesteel of beskadig word sonder dat die Versekerde Voertuig in dieselfde Voorval gesteel of beskadig word, sal die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag van die toebehoorsel of die vervangingswaarde van 'n soortgelyke toebehoorsel in 'n nuwe toestand oorskry nie (wat ook al die minste is) ten tye van die verlies of skade.

   Met dien verstande dat:

   (a) indien die vervangingswaarde van die toebehoorsel ten tye van die verlies of skade meer is as die versekerde bedrag daarvan, die Versekerde beskou sal word as sy eie versekeraar vir die verskil en daarom 'n eweredige deel van die bedrag van die verlies of skade sal dra. Elke toebehoorsel in die bylae gelys sal afsonderlik onderhewig wees aan hierdie voorwaarde;

   (b) waar die toebehoorsel bestaan uit artikels van 'n paar of stel, sal die Maatskappy slegs vir die waarde van die hele paar of stel aanspreeklik wees indien die vervanging van die individuele item in die paar of stel nie moontlik is nie;

   (c) waar die toebehoorsel voertuigbande insluit, sal die Maatskappy enige skikking aan die Versekerde in verband met voertuigbande verminder in verhouding tot die loopvlak gebruik;

   (d) die bepalings van hierdie onderafdeling wat verband hou met eisvrye groepe nie van toepassing is op enige betaling wat vir toebehore gemaak word nie;

   (e) die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld vir die toebehoorsel met betrekking tot iedere en elke Voorval.

2. Waar die toebehoorsel aan die Voertuig geheg is en die Versekerde Voertuig gesteel of beskadig word in dieselfde Voorval, sal die versekerde bedrae van alle toebehore gelys in die bylae, by die versekerde bedrag van die Voertuig getel word.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag soos uiteengesit in voorbehoudsbepaling (a) van die Omskrewe Gebeurtenisse van onderafdeling 1 van die Voertuig plus die versekerde bedrag van die toebehoorsel of die vervangingswaarde van 'n soortgelyke toebehoorsel in 'n nuwe toestand (wat ook al die minste is) sal oorskry nie ten tye van die verlies of skade;

(b) die eerste bedra(e) betaalbaar ten opsigte van die toebehoorsel/toebehore in die bylae vermeld sal nie geld nie. In plaas daarvan sal die eerste bedrag betaalbaar van toepassing op die Voertuig toegepas word op die versekerde bedrag soos in 2 hierbo bepaal.

# UITSLUITINGS OP ONDERAFDELING 1

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om vir die volgende te betaal nie:

1. gevolglike verlies weens enige oorsaak hoegenaamd;
2. waardevermindering hetsy dit ontstaan weens herstelwerk ná 'n Omskrewe Voorval of andersins;
3. slytasie;
4. geleidelike agteruitgang;
5. meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie;
6. skade aan buitebande deur die gebruik van remme of deur padlekkasies, snye of barste;
7. skade aan veerstelsels/skokbrekers te wyte aan ongelykhede van die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede;
8. terughouding, konfiskering of rekwisisie deur enige doeane- of ander beamptes of owerhede met dien verstande dat hierdie uitsluiting nie sal geld nie ten opsigte van skade wat plaasvind gedurende die terughouding, konfiskering of rekwisisie en wat ontdek word wanneer die Voertuig aan die Versekerde terugbesorg word.

# UITBREIDINGS OP ONDERAFDELING 1

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie onderafdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien die uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word).

## **Kansellasie van besprekings** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande uitsluiting 1 van onderafdeling 1 sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir die verlies van die waarde van deposito's betaal vir die reservering of bespreking van akkommodasie beperk tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld wat spruit uit die kansellasie van die besprekings as gevolg van:

1. toevallige besering, siekte of dood van
   (i) die persoon vir wie die akkommodasie bespreek was of enige persoon saam met wie hy/sy vooraf gereël het om te reis;
   (ii) 'n nabye familielid, verloofde of 'n nabye besigheidskollega van die Versekerde;
2. verpligtende kwarentyn of juriediens in 'n wettige hof wat van toepassing is op die gas of enige persoon saam wie hy/sy vooraf gereël het om te reis;
3. skade aan of verlies van die permanente woning van die Versekerde deur brand, storm, wind, water, hael, sneeu of aardbewing wat hom/haar noodsaak om terug te keer huis toe;
4. enige offisiële vereiste deur enige wettig ingestelde instansies vir die Versekerde om nooddiens by te woon in die militêre, mediese of publieke diens.

Met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir eise waar ten tye van die bespreking:

(a) die Versekerde bewus was van enige mediese toestand of reeks omstandighede wat met redelike verwagting daartoe kon bydra dat die bespreking gekanselleer of ingekort moes word;

(b) enige persoon wie se toestand 'n eis veroorsaak, en wie onder behandeling was of op 'n waglys was of

Vir interne makelaargebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

bewus was van die noodsaaklikheid vir behandeling as binnepasiënt by 'n hospitaal of verpleeginrigting;

(c) enige persoon wie se toestand tot 'n eis lei en wie gereis het teen 'n mediese praktisyn se advies;

(d) enige persoon wie se toestand tot 'n eis lei en wie gereis het met die doel om mediese behandeling in die buiteland te ontvang;

(e) enige persoon wie se toestand tot 'n eis lei en wie in die afgelope 12 maande aan enige ernstige kroniese en/of herhalende siekte gely het en genoodsaak was om konsultasie of behandeling te ontvang.

## **Krediettekort** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Waar die skikkingsgrondslag Kleinhandelwaarde is en enige skikking vir totale verlies ingevolge onderafdeling 1 minder is as die bedrag verskuldig aan die finansierder onder ‘n huidige afbetalings- of bruikhuurooreenkoms, sal die Maatskappy aan die Versekerde ‘n verdere bedrag betaal gelykstaande aan die tekort, minus:

1. enige agterstallige paaiemente of huurgeld insluitende rente betaalbaar op die agterstallige bedrae;
2. alle premieterugbetalings vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die Voertuig verband hou;
3. die eerste bedrag betaalbaar ingevolge onderafdeling 1;
4. enige bedrae gefinansier wat verband hou met voertuigwaarborge, diensplanne, onderhoudsplanne en dies meer;
5. enige bedrae gefinansier vir toebehore wat nie deel van die Voertuig uitmaak nie.

Met dien verstande dat:

(a) hierdie uitbreiding nie van toepassing is nie op ’n ooreenkoms ingevolge waarvan die bedrag van enige enkele paaiement, buiten die finale reswaarde-bedrag ná die aanvanklike paaiement, met meer as 10% van enige ander paaiement verskil nie;

(b) indien die tekort die resultaat is van ’n hervoorskot ingevolge ’n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge ’n bruikhuureenkoms, die versekering ingevolge hierdie uitbreiding nietig verklaar word;

(c) hierdie uitbreiding nie van toegepassing sal wees nie waar die bedrag verskuldig aan die finansierder meer is as die Kleinhandelwaarde van die Voertuig as gevolg van herstrukturering van skuld.

## **Skade aan bande** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande uitsluiting 6 van onderafdeling 1, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir die totale verlies van en onherstelbare skade aan die Voertuig se bande as gevolg van skade veroorsaak deur enige onsigbare of versteekte voorwerp op die pad of ander oppervlak.

Met dien verstande dat:

(a) hierdie uitbreiding slegs van toepassing is op trekkers, stropers en implemente wat vir landboudoeleindes gebruik word;
(b) die Versekerde op eie onkoste alle skade en slytasie deur een of meer bandherversolers of verskaffers van goeie naam sal laat evalueer ten einde vas te stel of die band herstel kan word, al dan nie;
(c) die Maatskappy die ooreenstemmende, onbeskadigde band in ‘n stel bande slegs sal vervang indien dit vereis word deur die Voertuigvervaardiger;
(d) slytasie ten tye van die verlies of skade nie gedek word in terme van hierdie uitbreiding nie;
(e) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot hoogstens die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval;
(f) die Versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir iedere en elke Voorval.

## **Brandbluskoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal, bykomend tot die bedrag van die Versekerde Voertuig, enige koste betaal tot en met die versekerde bedrag in die bylae vermeld wat verband hou met die blus of bestryding van brand (insluitend die vervanging of hervulling van die Versekerde se brandblussers nadat dit gebruik is in verband met die Versekerde Voertuig).

Met dien verstande dat:

(a) die Versekerde regtens aanspreeklik is vir die koste;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

(b) die Versekerde Voertuig gebrand het of ‘n brandgevaar was.

## **Sleutels** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van die koste van die vervanging van slotte en sleutels insluitende die afstandalarmbeheerder en indien nodig, die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige Versekerde Voertuig ná die verdwyning van of skade aan enige sleutel of alarmbeheerder van die Voertuig, of opvolgend tot skade aan die Voertuig se slotte ten einde kragdadige toegang tot die Voertuig te verkry, of nadat die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van ‘n duplikaat van die sleutel of alarmbeheerder.

Met dien verstande dat:

(a) geen ander skade aan die Voertuig aangerig is wat aanleiding gee tot ‘n eis onder die polis nie;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag sal oorskry nie wat in die bylae vermeld word onder hierdie uitbreiding vir enige enkele Voorval;

(c) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval;

(d) die bepalings van hierdie onderafdeling wat verband hou met eisvrye groepe nie van toepassing sal wees nie op enige betaling gedoen ingevolge hierdie uitbreiding.

## **Gebruiksverlies** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande uitsluiting 1 van onderafdeling 1, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir die verlies van gebruik van die Versekerde Voertuig as gevolg van verlies van of skade aan die Versekerde Voertuig.

Met dien verstande dat:

(a) die verlies van of skade aan die Voertuig gedek is in terme van hierdie polis;

(b) waar die Voertuig

1. gesteel of gekaap is en nie teruggevind is nie, of
2. nie rybaar is nie,

die dekking ‘n aanvang sal neem sodra ‘n eis by die Maatskappy geregistreer is;

(c) waar die Voertuig

1. beskadig is, maar steeds rybaar is; of
2. gesteel of gekaap is en in ‘n beskadigde toestand teruggevind is, maar steeds rybaar is,

die dekking alleenlik ‘n aanvang sal neem sodra die gemagtigde hersteller die Versekerde Voertuig in sy bewaring neem met die doel om dit te herstel;

(d) verlies of skade wat binne die betrokke eerste bedrag betaalbaar val, nie gedek is in terme van hierdie uitbreiding nie;

(e) vergoeding sal eindig;

1. op die dag van afhandeling van die herstelwerk deur die gemagtigde hersteller; of
2. op die dag waarop die ooreenkoms van verlies deur die Maatskappy aan die Versekerde gestuur word;

(f) nieteenstaande voorbehoudsbepaling (e) hierbo, sal skadeloosstelling deur hierdie uitbreiding nie die aantal dae oorskry nie wat in die bylae vir enige enkele Voorval vermeld word;

(g) die Maatskappy se aanspreeklikheid per dag nie die versekerde bedrag (per dag) sal oorskry nie wat in die bylae vermeld word.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## **Gebruiksverlies vir buitelandse reis** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

In die geval dat die Versekerde Voertuig:

1. onbruikbaar word vir meer as 5 opeenvolgende dae as gevolg van verlies of skade gedek onder hierdie afdeling, of
2. afgeskryf word of gesteel word en nie binne 14 dae teruggevind word nie

sal die Maatskappy die versekerde bedrag (per dag) betaal wat in die bylae vermeld word.

Met dien verstande dat:

(a) waar die Voertuig

1. gesteel of gekaap is en nie teruggevind is nie, of
2. nie rybaar is nie,

die dekking 'n aanvang sal neem sodra 'n eis by die Maatskappy geregistreer is;

(b) waar die Voertuig

1. beskadig is, maar steeds rybaar is, of
2. gesteel of gekaap is en in 'n beskadigde toestand teruggevind is, maar steeds rybaar is,

die dekking alleenlik 'n aanvang sal neem sodra die gemagtigde hersteller die Versekerde Voertuig in sy bewaring neem met die doel om dit te herstel;

(c) betaling gemaak sal word vir die tydperk totdat die Versekerde Voertuig:

(i) bevredigend herstel is indien dit beskadig is of gesteel is en met skade teruggevind is, of

(ii) vervang is indien dit gesteel is en nie teruggevind is nie of afgeskryf is, of

(iii) in kontant betaal is in geval van 'n kontantskikking.

(d) nieteenstaande voorbehoudsbepaling (c) hierbo, sal skadeloosstelling deur hierdie uitbreiding nie die aantal dae oorskry nie wat in die bylae vir enige enkele Voorval vermeld word;

(e) die Maatskappy nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik sal wees nie vir verlies of skade aan die Voertuig wat binne die eerste bedrag betaalbaar val soos in die bylae vermeld;

(f) hierdie uitbreiding slegs van toepassing is waar die Voertuig gebruik word buite die grense van die RSA.

## **Insleepkoste na meganiese onklaarraking** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande uitsluiting 5 van onderafdeling 1, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir insleep van die Versekerde Voertuig opvolgend tot meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag sal oorskry nie wat in die bylae vermeld word vir enige een Voorval;

(b) hierdie uitbreiding slegs geld vir Voertuie soos omskryf in voertuigomskrywings 1.1 en 1.3;

(c) die bepalings van hierdie onderafdeling met betrekking tot eisvrye groepe nie van toepassing is op enige betaling ingevolge hierdie uitbreiding nie;

(d) die Maatskappy nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik nie is vir meer as een Voorval vir enige enkele versekeringstydperk van 12 opeenvolgende maande

(e) .die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir enige stoorkoste van die Versekerde Voertuig voor of na herstelwerk gedoen is;

(f) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir die koste om die Voertuig te herstel.

## **Motorhuur** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde voorsien van 'n huurvoertuig soortgelyk, maar nie minderwaardig nie, aan die Voertuig beskikbaar onder die opskrif "Groep" in die bylae vermeld, indien die Versekerde Voertuig:

1. onbruikbaar is of herstel word, of
2. 'n Afskrywing is, of
3. gesteel of gekaap is en nie teruggevind is nie.

Met dien verstande dat:

(a) 'n eis by die Maatskappy ingedien is en dat die verlies of skade gedek is in terme van die polis;

(b) die Versekerde Voertuig 'n Voertuig is soos omskryf in voertuigomskrywing 1.1 en 1.3;

(c) die adres waar die huurvoertuig afgelewer moet word, binne die grense is van die RSA;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

(d) die huurvoertuig sal voorsien word totdat

   i. die Versekerde Voertuig bevredigend herstel is waar herstelwerk ekonomies moontlik was, of

   ii. die Versekerde Voertuig vervang is, of

   iii. die eis in kontant geskik is in geval van ‘n kontantskikking, of

   iv. die Versekerde Voertuig teruggevind is en, indien nodig, herstel is waar die Voertuig gesteel is en teruggevind is met skade;

(e) nieteenstaande voorbehoudsbepaling (d) hierbo, die huurvoertuig nie voorsien sal word vir ‘n langer tydperk as die aantal dae in die bylae vermeld nie;

(f) verlies of skade wat binne die toepaslike eerste bedrag betaalbaar val, nie gedek is in terme van hierdie uitbreiding nie;

(g) die Versekerde verantwoordelik sal wees vir ‘n sekuriteitsdeposito betaalbaar aan die diensverskaffer wanneer die huurvoertuig ontvang word;

(h) die Maatskappy aanspreeklik sal wees vir die koste van aflewering en afhaal van die huurvoertuig by en vanaf die Versekerde.

Indien die Versekerde voorsien moet word van ‘n huurvoertuig buite die RSA, maar binne die gebiedsgrense wat die polis dek, mag die Versekerde ‘n Voertuig huur van ‘n erkende verhuringsmaatskappy vir sy eie rekening. By die voorlegging van ‘n faktuur sal die Maatskappy die Versekerde vergoed vir die huurkoste, met dien verstande dat die huurkoste per dag nie meer sal wees nie as die bedrag wat die Maatskappy sou betaal om sodanige Voertuig binne die RSA te voorsien deur van sy eie diensverskaffers gebruik te maak.

## **Persoonlike dokumente** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die vervangingskoste betaal van verlore en beskadigde dokumente, insluitende identiteitsdokumente, paspoorte, visas en inentingsertifikate, asook enige verlore of beskadigde gedrukte padkaarte of permitte wat die Versekerde Voertuig toegang tot of uitgang van lande toelaat, met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag sal oorskry nie wat in die bylae vermeld word vir enige enkele Voorval.

## **Terugverkrygingskoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir die redelike koste om die Versekerde Voertuig terug te kry wanneer dit gevind is nadat dit gesteel of gekaap is.

Met dien verstande dat:

(a) die Versekerde Voertuig in ‘n onbeskadigde toestand teruggevind is;
(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige een Voorval;
(c) die Versekerde die Maatskappy se skriftelike toestemming verkry voordat die Voertuig terugverkry word;
(d) die bepalings van hierdie onderafdeling met betrekking tot eisvrye groepe nie van toepassing is op enige betaling ingevolge hierdie uitbreiding nie.

## **Repatriasie na meganiese onklaarraking** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Ingeval die Versekerde Voertuig in onbruik raak as gevolg van meganiese of elektriese onklaarraking terwyl dit buite die RSA is, sal die Maatskappy die redelike koste betaal vir die repatriasie van die Voertuig na die RSA.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag sal oorskry nie wat in die bylae vermeld word vir enige een Voorval;

(b) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval;

(c) die bepalings van hierdie onderafdeling met betrekking tot eisvrye groepe nie van toepassing is op enige betaling ingevolge hierdie uitbreiding nie;

(d) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie ingevolge hierdie uitbreiding vir meer as een Voorval tydens enige enkele versekeringstydperk van 12 opeenvolgende maande.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik. Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Vervanging van voertuie

Ingeval die Versekerde Voertuig ‘n Afskrywing is of gesteel en nie binne ‘n redelike tyd teruggevind word nie, sal die Maatskappy die Voertuig vervang met ‘n soortgelyke nuwe Voertuig onderhewig aan die beskikbaarheid daarvan.

Met dien verstande dat:

(a) hierdie uitbreiding slegs van toepassing is op Voertuie soos omskryf in voertuigomskrywings 1.1 en 1.3;

(b) die verlies of skade plaasvind binne 12 maande vanaf die datum van eerste registrasie van die Voertuig;

(c) die Versekerde Voertuig nie meer as 2,500 kilometer per maand of 30,000 kilometer in totaal afgelê het nie;

(d) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir meer as die Voertuig se versekerde bedrag soos in die bylae vermeld minus die eerste bedrag betaalbaar.

## **Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië)** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die RSA en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie die verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid vir verlies of skade ten opsigte van enige een Voertuig is beperk tot die kleinste van die versekerde bedrag in die bylae vermeld en die Kleinhandelwaarde van die Voertuig ten tye van die verlies of skade.

Die Versekerde sal aanspreeklik wees vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld ingevolge onderafdeling 1.

## **Eerste bedrag betaalbaar kwytskelding ten opsigte van noodwiele** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die bepalings met betrekking tot die eerste bedrag betaalbaar is nie van toepassing op enige betaling vir die verlies van enige noodwiel nie.

Met dien verstande dat:

(a) geen ander skade aan die Voertuig veroorsaak is wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge die polis nie;

(b) die Maatskappy nie aanspreeklik is vir verlies veroorsaak deur diefstal uit enige onbewaakte Voertuig nie, tensy die noodwiel gehuisves word in ‘n bestuurderskajuit of bagasiebak wat behoorlik beveilig en gesluit is of geheg is aan die permanente sluitstuk soos aangebring deur die Voertuigvervaardiger of die Voertuig self in ‘n beveiligde en geslote gebou gehuisves word en betreding of verlating tot sodanige geslote Voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaardgaan.

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

(c) die bepalings van hierdie onderafdeling met betrekking tot eisvrye groepe nie van toepassing is op enige betaling ingevolge hierdie uitbreiding nie.

## **Tydelike herstelwerk** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Versekerde mag opdrag gee vir herstelwerk om gedoen te word sonder vooraf toestemming van die Maatskappy tot en met, maar nie vir meer nie, as die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige een Voorval, met dien verstande dat 'n uitvoerige raming eers verkry en onmiddellik aan die Maatskappy gestuur word.

## **Insleepkoste binne die grense van die RSA** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Waar 'n Omskrewe Voorval binne die grense van die RSA plaasvind, sal die Maatskappy die redelike koste betaal om die Versekerde Voertuig te verwyder na die naaste Santam-goedgekeurde hersteller binne die RSA asook die redelike koste vir die beskerming, stoor en aflewering van die Versekerde Voertuig na die permanente adres van die Versekerde binne die gebiedsgrense in die bylae vermeld na die plaasvind van 'n Omskrewe Voorval.

## **Insleepkoste buite die grense van die RSA** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Waar 'n Omskrewe Voorval buite die grense van die RSA plaasvind, sal die Maatskappy die koste betaal om die Versekerde Voertuig te verwyder na die naaste grens van die RSA of plek van veiligheid.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval;

(b) indien die Versekerde Voertuig nie na die RSA gerepatrieer kan word nie op grond daarvan dat dit 'n Afskrywing is, sal die Maatskappy 15% aftrek van die skikking verskuldig aan die Versekerde;

(c) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie om te betaal vir regering-opgelêgde aksyns, heffings of stempels met betrekking tot die repatriasie van die Voertuig.

Die Maatskappy sal ook die redelike koste betaal vir

1. die verskuiwing van die Voertuig vanaf die RSA se grens na die naaste Santam-goedgekeurde hersteller binne die RSA;
2. die beskerming, stoor en aflewering van die Versekerde Voertuig na die permanente adres van die Versekerde binne die gebiedsgrense in die bylae vermeld

na die plaasvind van 'n Omskrewe Voorval.

## **Bande** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande uitsluiting 6 van onderafdeling 1 sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir onherstelbare skade aan die Versekerde Voertuig se bande wat veroorsaak is deur 'n onsigbare of versteekte voorwerp onder die pad of ander oppervlak.

Met dien verstande dat:

(a) geen ander skade aan die Voertuig aangerig is wat aanleiding gee tot 'n eis onder hierdie polis nie;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval;

(c) die Versekerde vir sy/haar eie rekening die skade sal laat evalueer deur meer as een betroubare bandeverskaffer/-hersteller om te bepaal of die band herstel kan word, aldan nie;

(d) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval;

(e) die bepalings van hierdie onderafdeling wat verband hou met eisvrye groepe nie van toepassing is op enige betaling ingevolge hierdie uitbreiding nie;

(f) die Maatskappy 'n bedrag van die skikking aan die Versekerde sal aftrek wat gelyk is aan die verhouding van die loopvlak gebruik op die band.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

### **Voertuigligte** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir die vervangingskoste van die hoof-, agter- of kolligte van die Versekerde Voertuig.

Met dien verstande dat:

(a) geen ander skade aan die Voertuig aangerig is wat aanleiding gee tot ‘n eis onder hierdie polis nie;

(b) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval;

(c) die bepalings van hierdie onderafdeling wat verband hou met eisvrye groepe nie van toepassing is op enige betaling ingevolge hierdie uitbreiding nie.

### **Wenas-toerusting** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande uitsluiting 5 van onderafdeling 1 sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir die skielike en onvoorsiene meganiese en elektriese onklaarraking, weiering of brekasie van die Versekerde Voertuig se wenas-toerusting.

Met dien verstande dat:

(a) geen ander skade aan die Voertuig aangerig is wat aanleiding gee tot ‘n eis onder hierdie polis nie;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval;

(c) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval;

(d) die bepalings van hierdie onderafdeling wat verband hou met eisvrye groepe nie van toepassing is op enige betaling ingevolge hierdie uitbreiding nie;

(e) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir:

  (i) onklaarraking, weiering of brekasie wat verband hou met defektiewe ontwerp, onderdele of herstelwerk;

  (ii) oorskryding van die drakraglimiete van die wenas-toerusting soos aanbeveel deur die vervaardiger of verspreider;

  (iii) slytasie;

  (iv) geleidelike agteruitgang van die toerusting se verbruikbare dele, komponente, kabels of koppelingsapparate.

### **Wrakverwydering** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal, bykomend tot die Voertuig se versekerde bedrag, die Versekerde skadeloos stel vir enige koste ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van die Versekerde Voertuig na die plaasvind van ‘n Omskrewe Voorval, met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval.

# ONDERAFDELING 2 – AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDEPARTYE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van enige ongeluk veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige Voertuig in die bylae beskryf of in verband met die laai en/of aflaai van die Voertuig ten opsigte waarvan die Versekerde en/of enige passassiers regtens aanspreeklik word om te betaal vir alle bedrae, insluitende die eiser se koste en uitgawes, ten opsigte van:

(a) dood of liggaamlike besering van enige persoon;

(b) skade aan eiendom.

Die Maatskappy sal ook:

Vir informele makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

1. alle koste en uitgawes betaal wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan word en is geregtig om na sy eie goeddunke te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of vir die verdediging in enige landdroshof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige handeling wat enige Voorval veroorsaak of daarmee verband hou, wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees.
2. enige persoon skadeloos stel wat die Voertuig op bevel van die Versekerde of met die Versekerde se toestemming bestuur of gebruik.

   Met dien verstande dat:

   (a) die persoon, asof hy die Versekerde is, die bepalings, uitsluitings en voorwaardes van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees;

   (b) die persoon wat die Voertuig bestuur deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie;

   (c) die persoon nie ingevolge enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie, behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarkragtens verhaalbaar is nie.
3. die Versekerde skadeloos stel terwyl hy persoonlik enige Voertuig bestuur of gebruik wat binne voertuigomskrywing1.1 of 1.3 val.

   Met dien verstande dat:

   (a) die Voertuig nie aan die Versekerde behoort nie;

   (b) die Voertuig nie ingevolge 'n huurkontrak of opskortende verkoopsooreenkoms aan die Versekerde gebruikhuur of verhuur word nie;

   (c) die Versekerde 'n individu is;

   (d) 'n Voertuig op hierdie afdeling verseker is wat voldoen aan voertuigomskrywing 1.1 of 1.3;

   (e) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir skade aan die Voertuig terwyl dit deur die Versekerde bestuur of gebruik word.
4. die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat ontstaan weens die sleep van enige ander Voertuig of sleepwa (insluitende aanspreeklikheid in verband met die gesleepte Voertuig of sleepwa) deur 'n Voertuig (behalwe teen vergoeding), met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir skade aan die gesleepte Voertuig of sleepwa of vir eiendom daarin of daarop.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge onderafdeling 2 is beperk tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval.

# UITSLUITINGS OP ONDERAFDELING 2

Die Uitsluitings – aanspreeklikheid teenoor derdepartye, in die Motor Algemeen afdeling is van toepassing bykomend tot die uitsluitings hier vermeld.

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir:

1. dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in die Versekerde Voertuig vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim.

# UITBREIDINGS OP ONDERAFDELING 2

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie onderafdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar

waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien die uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word).

### **Passasiersaanspreeklikheid** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsluiting 1 van onderafdeling 2 word hiermee gekanselleer.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval;

(b) die persoon vervoer is in of op, of inklim in, uitklim uit of vanaf ‘n permanent geslote passasierskajuit van die Versekerde Voertuig;

(c) die Maatskappy nie aanspreeklik is onder hierdie uitbreiding nie indien die gebiedsbeperking in die bylae ingevolge hierdie uitbreiding aandui “Binne RSA” en die Omskrewe Voorval plaasvind buite die grense van die RSA.

### **Passasiersaanspreeklikheid insluitend oop Voertuie** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Voorbehoudsbepaling (b) van die uitbreiding: Passasiersaanspreeklikheid word hiermee gekanselleer.

### **Passasiersaanspreeklikheid - werknemers** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande uitsluitings 1 van onderafdeling 2 en uitsluiting 1 van uitsluitings – aanspreeklikheid teenoor derdepartye van die Motor Algemeen afdeling, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir die dood of besering van ‘n werknemer wie vervoer word in of op, of inklim in, uitklim uit of vanaf, enige Versekerde Voertuig.

Met dien verstande dat:

(a) hierdie uitbreiding slegs van toepassing is op Voertuie soos omskryf in 1.3, 1.4 en 2 van die omskrywing van ‘n Voertuig;

(b) die werknemer nie vervoer is in of op, of nie inklim in, uitklim uit of vanaf, enige Voertuig vir enige doeleindes verwant aan sy of haar diens nie;

(c) die Voertuig toegerus is met reëlings aan alle kante van die laairuimte;

(d) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval.

### **Ongemagtigde passasiersaanspreeklikheid** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die skadeloosstelling onder onderafdeling 2 word, nieteenstaande uitsluiting 1, uitgebrei om die Versekerde se regsaanspreeklikheid te dek vir die dood of liggaamlike besering van persone wat vervoer word in of op, of inklim in, uitklim uit of vanaf, enige Versekerde Voertuig strydig met die Versekerde se opdrag aan hulle bestuurder om nie passasiers te vervoer nie.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele Voorval nie die versekerde bedrag sal oorskry wat in die bylae vermeld word nie.

# ONDERAFDELING 3 – INSITTENDES VAN DIE VERSEKERDE VOERTUIG

Dekking ingevolge hierdie onderafdeling is slegs van toepassing indien in die bylae as ingesluit vermeld.

### **Ontvallingsuitgawes** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die bestuurder van die Versekerde Voertuig in ‘n motorongeluk omkom, sal die Maatskappy die versekerde bedrag betaal wat in die bylae vermeld word, met dien verstande dat hierdie dekking net geld vir Voertuie soos omskryf in 1.1 en 1.3 van die omskrywing van ‘n Voertuig.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## **Bestuurder repatriasie** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien ‘n eis ingevolge onderafdeling 1 ingedien word en die Versekerde Voertuig is onbruikbaar as gevolg van die verlies of skade, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir:

1. die redelike uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan is vir oornag akkommodasie vir die bestuurder vir ‘n maksimum van twee nagte;
2. vervoer van die bestuurder van die Voertuig ten tyde van die verlies of skade, van die plek waar die Voertuig onbruikbaar geraak het na die bestuurder se normale woonplek in die RSA of beplande bestemming, of vertrekpunt op hierdie reis.

Met dien verstande dat:

(a) die bestuurder se bestemming, woonplek en vertrekpunt op hierdie reis almal meer as 100 kilometer weg is van die plek waar die Voertuig onbruikbaar geraak het;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag in die bylae vermeld sal oorskry vir enige enkele Voorval nie.

## **Mediese uitgawes** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien enige insittende van die Versekerde Voertuig regstreeks in verband met die Voertuig, ‘n liggaamlike besering opdoen op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse, sal die Maatskappy die mediese uitgawes aangegaan as gevolg van die besering aan die Versekerde betaal, insluitende enige koste aangegaan om die beseerde insittende te bevry van die Voertuig of om die beseerde insittende te vervoer na ‘n plek waar mediese behandeling gegee kan word.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid per persoon nie die versekerde bedrag in die bylae vermeld sal oorskry nie;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid per Voorval nie die versekerde bedrag in die bylae vermeld sal oorskry nie;

(c) die dekking beperk is tot die insittendes van ‘n privaattipe motorvoertuig of die permanent geslote passasierskajuit van enige ander Voertuig;

(d) die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie dekking verminder word met enige bedrag wat ingevolge enige werkersongevalle- of soortgelyke wetgewing verhaalbaar is.

## **Motorongeluk-voordeel - werknemers** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die insittende van enige Versekerde Voertuig noodlottig gewond is in regstreekse verband met sodanige Voertuig, sal die Maatskappy die versekerde bedrag per insittende betaal soos in die bylae vermeld.

Met dien verstande dat:
(a) sodanige insittende ‘n voltydse werknemer van die Versekerde is ten tye van die Voorval;
(b) sterfte binne 90 dae van sodanige Voorval plaasvind.

## **Trauma** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal betaal vir uitgawes aangegaan, wat nie andersins gedek is nie, deur enige lid, direkteur of werknemer van die Versekerde vir behandeling ondergaan by 'n geregistreerde professionele berader nadat die persoon sielkundig getraumatiseer is as 'n direkte gevolg van geweld of dreigement van geweld tydens diefstal, poging tot diefstal of kaping van enige Versekerde Voertuig, met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval sal oorskry nie.

# UITBREIDINGS VAN TOEPASSING OP ALLE ONDERAFDELINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie onderafdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien die uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word).

### **Vervoer van betalende passasiers** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsluiting 4(ii) in die Motor Algemene afdeling word hiermee gekanselleer.

### **Stroper-graantafels en -snytafels** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ingevolge onderafdelings 1 en 2 teen enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid terwyl stroper-graan- en snytafels geheg is aan enige versekerde stroper of terwyl dit tydelik verwyder is van enige versekerde stroper. Met dien verstande dat sodanige graantafel en snytafel nie aan enige onversekerde stroper geheg is nie.

### **Gebiede – uitgebreide dekking** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die standaard gebiedsgrense vermeld in die bylae van die Motor Algemene afdeling word hiermee uitgebrei om die lande in te sluit wat as ingesluit onder hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

### **Verhuring van voertuie** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsluiting 4(i) in die Motor Algemene afdeling word hiermee gekanselleer.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie om te betaal vir die verlies van die Versekerde Voertuig indien die Voertuig verhuur is aan ‘n derdeparty in terme van ‘n verhuringsooreenkoms, welke die verhuringsooreenkoms op skrif is aldan nie, en die derdeparty bly in gebreke om die Versekerde Voertuig aan die Versekerde terug te besorg in terme van die bepalings van die verhuringsooreenkoms.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die spesifieke uitsluitings van die Motor Algemeen afdeling asook die spesifieke uitsluitings hieronder vermeld is van toepassing:

Die Maatskappy is nie aanspreeklik onder hierdie afdeling nie:

1. indien die Versekerde Voertuig gebruik word deur die Versekerde vir enige ander doel as vir die besigheidsdoeleindes van die Versekerde of vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes;
2. indien die Versekerde Voertuig gebruik word deur enige iemand anders as die Versekerde, met die algemene medewete en toestemming van die Versekerde, vir enige ander doel as vir die besigheidsdoeleindes van die Versekerde of vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes;
3. indien die Versekerde Voertuig in die besit, bewaring of beheer van ‘n lid van die motorhandel is om namens die Versekerde verkoop te word.

# VERPLIGTE VOORWAARDES

Die verpligte voorwaardes in die Motor Algemeen afdeling sowel die wat hieronder aangegee word, is altyd van toepassing.

## Outomatiese byvoegings

Die Maatskappy sal aanspreeklik wees vir enige bykomende Voertuig wat gekoop, gebruikhuur of gehuur word wat nie in die bylae verskyn nie vir tot en met die minste van:

1. R500,000, of
2. die Voertuig se versekerde bedrag, of
3. die aankoopprys van die Voertuig.

Met dien verstande dat die Versekerde:

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

(a) die Maatskappy in kennis stel binne 14 dae na die datum van aankoop, bruikhuur of huur;

(b) enige bykomende premie betaal soos versoek deur die Maatskappy.

## Eisvrye groepe

Die eisvrye groep (EVG) vir elke Versekerde Voertuig word in die bylae aangedui en is gebaseer op die aantal eise vir 'n spesifieke Voertuig gedurende vorige versekeringstydperke gemeet van die een hersiening tot die volgende. By die mees onlangse hernuwings-/verjaardagdatum word die premie gebaseer op die aangepaste EVG soos volg:

1. Die hersieningsdatum verwys na ‘n datum negentig (90) dae voor die hernuwings-/verjaardagdatum;
2. 'n Vorige versekeringstydperk verwys na 'n ononderbroke tydperk van 12 kalendermaande voor die hersienings-/verjaardagdatum;
3. Eisvrye groepe wissel tussen 0 en 7 waar 0 die hoogste premie het en 7 die laagste premie;
4. Vir elke eis tydens 'n vorige versekeringstydperk, sal die Maatskappy die EVG verminder met 2 punte by die volgende hernuwings-/verjaardagdatum en dienooreenkomstig die premie verhoog;
5. Vir elke vorige eisvrye versekeringstydperk, sal die EVG opwaarts aangepas word met een punt by die volgende hernuwings-/verjaardagdatum en die premie dienooreenkomstig verminder word totdat dit die maksimum van 7 bereik;
6. Byvoorbeeld, as 'n privaattipe Voertuig 'n EVG van 4 het en die Versekerde het nog ‘n eisvrye tydperk, sal die EVG na 5 gewysig word by die volgende hernuwings-/verjaardagdatum. As daar 'n eis is, sal dit aangepas word van 4 na 2 by die volgende hernuwings-/verjaardagdatum.

## Beskrywing van gebruik

Dekking van die Voertuig soos beskryf in die bylae is voorwaardelik waar die tipe voertuig:

1. Privaattipe motorvoertuie vir privaatgebruik is en die Voertuig word met die algemene toestemming en medewete van die Versekerde gebruik vir doeleindes buiten sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes, of
2. Bus – godsdienstige, opvoedkundige instansies, ouetehuise is en die Voertuig word met die algemene toestemming en medewete van die Versekerde gebruik vir ander doeleindes as vervoer vir godsdienstige of opvoedkundige instansies of ouetehuise.

# VOORWAARDES

Voorwaardes is slegs van toepassing indien dit in die bylae as “van toepassing” vermeld word.

## **Beperking op klank- en/of visuele toerusting** (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos ten opsigte van verlies of skade aan enige klank-, oudiovisuele, telefoon- en navigasietoerusting waarmee die Versekerde Voertuig permanent toegerus is deur iemand anders as die voertuigvervaardiger.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval;

(b) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval.

Die Maatskappy sal ook die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van enige sodanige toerusting wat uit die Voertuig verwyder is.

Met dien verstande dat:

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

(a) die toerusting ontwerp is om verwyder of gedeeltelik verwyder te word;

(b) die toerusting nie kan funksioneer sonder die Voertuig nie.

### **Eerste bedrag betaalbaar kwytskelding vir ouer as 55** (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Nieteenstaande die verpligte voorwaarde rakende eerste bedrag betaalbaar in die Motor Algemene afdeling, sal die Versekerde nie aanspreeklik wees vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld nie.

Met dien verstande dat:

(a) die geregistreerde eienaar van die Versekerde Voertuig 'n individu is bo die ouderdom van 55 jaar;

(b) die Versekerde Voertuig 'n Voertuig is soos omskryf in 1.1 of 1.3 van die omskrywing van 'n Voertuig;

(c) die geregistreerde eienaar of sy/haar gade ook die bestuurder van die Versekerde Voertuig ten tye van die Voorval is wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling;

(d) vir die doeleindes van hierdie voorwaarde die term "individu" geag word om in te sluit direkteure, trustees of lede indien die geregistreerde eienaar van die Voertuig 'n maatskappy, 'n trust of 'n beslote korporasie is.

# OPSIONELE UITSLUITINGS EN BEPERKINGS

Hierdie is uitsluitings of beperkings van die dekking wat die afdeling bied wat slegs geld indien as sodanig aangedui in die bylae.

## **Uitsluiting van motorglas dekking** (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Omskrewe Gebeurtenisse onder onderafdeling 1 word gewysig om skade aan enige windskerm, kant- of agterruit uit te sluit wat deel uitmaak van enige Voertuig.

## **Uitsluiting van vervoer van derdeparty goedere** (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees onder hierdie afdeling nie indien die Versekerde Voertuig gebruik word om goedere te vervoer wat nie aan die Versekerde behoort nie.

## **Uitsluiting van bedrog** (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir verlies van of skade aan enige Versekerde Voertuig wat ontstaan uit of wat verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog.

# OPSIONELE BEPERKINGS IN DEKKING

Beperkings in dekking word weerspieël in die tipe van dekking in die bylae wat geselekteer is per Versekerde Voertuig.

## Derdeparty dekking

Onderafdelings 1 en 3 is gekanselleer.

## Derdeparty-, brand- en diefstaldekking

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge onderafdeling 1 word uitsluitlik beperk tot verlies of skade as gevolg van brand, selfontbranding , weerlig of ontploffing of weens diefstal of enige poging daartoe. Verder word onderafdeling 3 gekanselleer.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Derdeparty- en branddekking

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge onderafdeling 1 word uitsluitlik beperk tot verlies of skade as gevolg van brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing.  Verder word onderafdeling 3 gekanselleer.

## Omvattende dekking uitgesluit diefstal-/kapingdekking

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge onderafdeling 1 word beperk deur die uitsluiting van aanspreeklikheid vir verlies van of skade aan die Versekerde Voertuig of sy toebehore en onderdele as gevolg van diefstal of kapingof enige poging daartoe.

## Omvattende dekking met beperkte diefstal-/kapingdekking

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge onderafdeling 1 is beperk tot skade aan die Versekerde Voertuig of sy toebehore en onderdele as gevolg van 'n onsuksesvolle poging tot diefstal of kaping. Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir Voertuie wat teruggevind word met skade na 'n diefstal of kaping.

## Derdeparty en branddekking met beperkte diefstal-/kapingdekking

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge onderafdeling 1 word uitsluitlik beperk tot verlies of skade as gevolg van brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing en diefstal of enige poging daartoe met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy met betrekking tot diefstal of kaping of enige poging daartoe beperk is tot skade aan die Versekerde Voertuig of sy toebehore en onderdele as gevolg van 'n onsuksesvolle poging tot diefstal of kaping. Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir Voertuie teruggevind met skade na 'n diefstal of kaping.  Verder word onderafdeling 3 gekanselleer.

## Stoor- en/of restourasiedekking

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge onderafdeling 1 word uitsluitlik beperk tot verlies of skade as gevolg van brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing, diefstal, toevallige skade en vervoer.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie indien die Voertuig beweeg onder sy eie aandrywing wanneer dit nie op die versekerde perseel is nie soos vermeld in die bylae;

(b) indien die Voertuig nie vervoer word nie, moet dit toegesluit wees in 'n gebou met ‘n dak.

Verder word onderafdeling 3 gekanselleer.

## Totale verlies alleenlik dekking

Die Maatskappy sal slegs aanspreeklik wees ingevolge onderafdeling 1 en slegs indien die Versekerde Voertuig gesteel of gekaap is en nie binne 'n redelike tyd teruggevind word nie, of indien dit ‘n Afskrywing is.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge